




Transformasie in die diverse Afrikanergemeenskap in die postapartheid-era: Vier gevallestudies



Authors:

Almarie van Rooyen¹ 
 Johan M. van der Merwe¹ 
 Tanya van Wyk¹ 

Affiliations:

¹Department of Systematic and Historical Theology, Faculty of Theology and Religion, University of Pretoria, Pretoria, South Africa

Corresponding author:

Almarie van Rooyen,
 almievanrooyen@gmail.com

Dates:

Received: 23 Feb. 2022
 Accepted: 27 July 2022
 Published: 27 Sept. 2022

How to cite this article:

Van Rooyen, A., Van der Merwe, J.M. & Van Wyk, T., 2022, 'Transformasie in die diverse Afrikanergemeenskap in die postapartheid-era: Vier gevallestudies', *Verbum et Ecclesia* 43(1), a2506. <https://doi.org/10.4102/ve.v43i1.2506>

Copyright:

© 2022. The Authors.
 Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Read online:



Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Transformation in the diverse Afrikaner society in the postapartheid era: Four case studies.

Since the end of apartheid in South Africa, Afrikaner people have been faced with disentangling their culture from Afrikaner nationalism. This article argues that the transformation of the Afrikaner people, or the lack thereof, will influence the future and place of Afrikaners in postapartheid South Africa. This article investigates the transformation within the Afrikaner community, considering four case studies: The aftermath of the death of Matlhomola Moshoeu in Coligny, the aftermath of Brendin Horner's death near Paul Roux, in the court at Senekal, the inequality in SA highlighted by the COVID-19 pandemic, and the organisation and movement called Betereinders. Unresolved racial tension was a driving force in Coligny and Senekal. In Coligny, Afrikaner individuals and other community members helped to transform the destruction left by the protests and addressed some burning issues of inequality. In the Senekal protest, some Afrikaners were responsible for most of the destruction. None of the big Afrikaner organisations or churches openly condemned these actions. The pandemic exposed how little economic transformation actually happened on ground level. The Betereinders movement is driven by Afrikaners who believe in a better future for all South Africans. They act, are hands-on, and won't give up. Unwillingness to face the postapartheid SA and turning a blind eye, have prevented Afrikaners from being part of transformational efforts. However, Afrikaners can, with intentional effort, disentangle their culture from Afrikaner nationalism and are capable of being part of the transformation needed in SA.

Intradisciplinary and/or interdisciplinary implications: The interdisciplinary implications of this article involved the subjects of church history, general history, and a dogmatic approach.

Keywords: transformation; Dutch Reformed Church; postapartheid; Afrikaner community; sustainable community development; Betereinders; Coligny; Senekal; COVID-19 pandemic; genderbased violence.

Inleiding

Terwyl Suid-Afrika (SA) alreeds 28 jaar in 'n nuwe demokrasie is, is daar steeds algemene rassisme wat op verskeie maniere in die land voorkom. Hierdie rassisme word soms onder die vaandel van patriotisme en die beskerming van die individuele (eie) kultuur versteek (Pillay 2017:3). Terwyl daarin geslaag is om reeds vele kwessies aangaande transformasie aan te spreek, is een van die kernsake skaars aangeraak, naamlik die transformasie van Afrikaners. Volgens 'n studie het voorheen benadeelde Suid-Afrikaners minder bates, minder vaardighede, verdien hulle laer lone en is hulle steeds meer geneig om werkloos te wees (The World Bank 2018). 'n Blanke minderheid geniet ook steeds die vrugte van die bevoordeling tydens apartheid. Die gaping tussen ryk en arm is groter in SA as in enige ander land waarvan vergelykbare data bestaan (The World Bank 2018). Die einde van die amptelike apartheidbeleid dui nie die einde van die gevolge daarvan aan nie. Die weglating van die koppelteken in *postapartheid*, as onderskeidende kenmerk teenoor *post-apartheid*, dui op 'n wyse van bestaan wat die logika van apartheid oorskry, maar tog onthou. Die *post-* kan nie 'n suiwer anderkant wees nie. Apartheid kan nie bloot agtergelaat word nie (Norval 2003:265; Van der Westhuizen 2018:9). In die postapartheid-era in SA het transformasie nie werklik veel verder gestrek as die politieke beleid nie.

Die grootskaalse veranderinge in die postapartheid-era word op menige platforms bespreek soos by universiteite, konferensies, politieke byeenkomste en toegewyde tydskrifte soos die joernaal *Transformation: Critical Perspectives on Southern Africa* wat spesifiek op die tema fokus. Met die aanvang van demokrasie in SA was transformasie nie 'n nuwe woord of konsep vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), toe oudpresident Nelson Mandela die kerk in Afrikaans kom uitdaag het om die land te help verander nie (cf. Van Rooyen 2021:113–114).

Alhoewel hy by die NG Kerk se sinode gepraat het, was sy oproep aan alle Afrikaners gerig¹ – wat die Afrikaners binne die NG Kerk ingesluit het. Die verandering in die Christelike openbare kultuur postapartheid word radikaal en intens betwis weens die kompleksiteit en geskiedenis daarvan. Konflik oor rassisme en ongelykheid bly kritiek in die krisis wat in die postapartheid era opduik rondom kulturele en godsdienstige veranderinge weens 'n mag- en prioriteitsverskuiwing. Vir Afrikaners verskyn dit prominent in hul postapartheid-kommer (cf. Van Rooyen 2016).

Die oorsprong van hierdie omwenteling het tydens apartheid in die Afrikanerkultuur begin deur protes teen die NG Kerk in die laat 1950's en vroeë 1960's. Die teenkulturele beweging het die NG Kerk gekritiseer, hoofstroom-Afrikanerdom teëgestaan, en was verbind tot die anti-apartheidbeweging. In die NG Kerk self was daar prominente figure wat deel was van die beweging soos Beyers Naudé (Du Toit et al. 2002:64). In die postapartheid era is die transformerende krag van beide bewegings prominent in Afrikaners se openbare lewe. Hierdie artikel ondersoek vier gevallestudies. Die eerste gevallestudie ondersoek die 2017-protes op Coligny na die dood van Matlhomola Moshoeu. Tweedens word die protes na Brendin Horner se dood in 2020 op Senekal ondersoek. Die ongelykheid wat beklemtoon en vererger is deur die COVID-19-pandemie word as derde gevallestudie ondersoek. Die beweging die Betereinders word laastens ondersoek. Die hipotese is dat elk die transformasie, of gebrek daaraan, in Afrikanergemeenskappe kan belig.

Afrikaners in die postapartheid era

Die tydsverloop na die aanvang van demokrasie in SA en die werk van die Waarheid- en Versoeningkommissie (WVK) bied die geleentheid om te besin oor die mate van eenheid en versoening wat tussen die inwoners van SA bereik is. Die aanbevelings van die WVK is in 'n verslag vervat en raak onderwerpe aan soos tradisionele sake, genesing en rehabilitasie, geloofsgemeenskappe, asook reparasies en restitusie vir lyding weens die gru skending van menseregte (red. Sooka 2003).

Daar is sterk kritiek oor die kommissie wat versuim het om die rol van die mense wat deur apartheid bevoordeel is, aan te spreek (Burton 2018:27). Die handelinge van wit Suid-Afrikaners wat moontlik nie individuele dade gepleeg het wat menseregte geskend het nie, maar tog stilgebly het terwyl hulle al die voorregte van hul status ontvang het, is deur die mandaat vrygespreek. Die WVK het in 1999 die Dietrich Bonhoeffer Toekenning ontvang vir hulle bydrae, rol en ondersteuning om versoening moontlik te maak. Tydens die seremonie het Alex Boraine, die ondervoorsitter van die WVK, gesê dat hy die feit berou dat die WVK weens regsbeperking nie die nodige herstelwerk kon doen nie. Die WVK kon bloot

net die fondasie vir versoening lê, en dit kan moontlik geslagte duur voordat die wonde genees is (Meiring 2017:19).

Na afloop van die WVK se werk, is 'n veldtog begin met die naam 'Huis vir Almal'. Hierdie veldtog was daarop gemik om wit Suid-Afrikaners aan te moedig om die ongeregthede van die verlede te erken en hulself daartoe te verbind om verdeeldheid te probeer genees en ongelykheid in die hedendaagse SA te verminder (Matthews 2010:1). Die veldtog het nie 'n verskoning vereis nie en was ook nie 'n poging om skuld op die mense se skouers te laai nie; tog was die veldtog van die begin af verwerp deur baie mense wat dit só vertolk het. Dit is deur die meeste Afrikaners as onnodig beskou. Die beleid van regstellende aksie op die gebiede van indiensneming en opvoeding kweek 'n wrok in baie Afrikaners, nog meer so wanneer hulle gevra word om verantwoordelikheid vir die verlede te aanvaar. Afrikaners se vroeë positiewe houdings teenoor die uitslag van die 1994-verkiezing het agteruitbeweeg en verander in verdedigende houdings van ontkenning en isolasie (Burton 2018:28).

In die afgelope dekade word daar al meer vanuit verskeie akademiese velde aandag aan witheid gegee. Die motivering is om die disproporsionele verhoudings tussen mag en rykdom, wat die bevolking verdeel, te verminder (Burton 2018:29). Hierdie fokus is van kritieke belang weens die tendens van sommige Afrikaners wat 'n identiteit van viktimisering ontwikkel het, asook Afrikaners wat hulle verantwoordelikheid ontken vir die verlede en/of die bevoordeling wat hulle gekry het vanweë die apartheidbeleid, en steeds kry.

Sommige Afrikaners verkies om hulself te isoleer van die algemene Suid-Afrikaanse gemeenskap. Onder diene is daar sommige wat 'n rassistiese en onkundige oordeel koester oor die stand van die hedendaagse samelewing. Hulle kritiseer korrupsie en die ondoeltreffendheid van die owerheid asof dit rasgedefinieerde karaktereenskappe is (Webster 2019). Hierdie denkrein-passasiers streef om hul voorregte te beskerm en onaangeraak te bly deur die probleme van diegene rondom hulle. Die Orania-plaasgemeenskap² in die Noord-Kaap is 'n ekstreme voorbeeld van diegene. Die geïsoleerde gemeenskap beweer dat die dorp, soos hulle dit noem, 'n kulturele projek is en nie 'n rasseprojek nie. Slegs Afrikaners mag daar woon en werk om Afrikanerkultuur te bewaar. Die werklikheid is eger 'n verontrustende en totale wit dorp, besaai met ou apartheidsvlae en monumente opgerig te ere aan die argitekte van apartheid. Alhoewel daar geen reëls is wat Afrikane verhinder om die gemeenskap te besoek nie, vrees swart mense wat in die omgewing woon dat hulle met geweld ontmoet sal word (Webster 2019).

Die sienings van Orania se gemeenskap word gedeel deur 'n uitgesproke minderheid Afrikaners. In 2014 het

1. Binne die Afrikaanse gemeenskap, en ten opsigte van dié wat hulself verbind aan 'n gereformeerde Christelike tradisie, is die meerderheid lidmate van die NG Kerk. Ongeveer 31% van Afrikaners behoort aan die NG Kerk. Tydens die sensus in 2011 was daar 2 710 461 wit Afrikaanssprekende mense in SA, teenoor die 832 442 lidmate van die NG Kerk.

2. Daar word na Orania verwys as 'n dorp, maar die grond het geen nasionale wetlike stelsel van grondbetrekking wat 'n Suid-Afrikaanse dorp definieer nie. Die grond word dus steeds geklassifiseer as 'n plaas. Om dié rede beskryf die navorsing dit as 'n plaasgemeenskap. Die woordkeuse is steeds nie ideaal nie, maar die Amerikaanse verwysing na so 'n gemeenskap is 'n kultus-kompleks wat onnodig aanstootlik is.

Steve Hofmeyr, die bekende Afrikaanse sanger, tydens 'n vertoning die voormalige volkslied gesing en 'n skare Afrikaners het saamgesing. Tog het talle Afrikaners hul ontevredenheid hiermee later uitgespreek (Schuhmann & Lopez 2019). Die sentiment kan opgesom word in Max du Preez (2014) se woorde: 'Goddank ons is nie almal so nie.' Alhoewel die lirieke van 'Die Stem' besondere beeldspraak volgens Basson (2014) insluit:

[S]ou dit uiters naïef, self oneerlik wees om die lied te probeer losmaak van sy politieke betekenis (...) vir die meeste van ons landsburgers verteenwoordig Die Stem (ongelukkig) 'n stelsel van wit-teen-swart onderdrukking. (p. 8)

Daar kom algaande Afrikaners wat hulleself van die ideologiese politieke aspekte van Afrikanernasionalisme distansieer (Basson 2014).

Daar is talle organisasies en individue wat hul lewens toewy aan maniere soek om ander se lewens te verbeter en die land te help transformeer soos liefdadigheids- en welsynsorganisasies, geloofsgebaseerde inisiatiewe, persone wat heeltyds werk vir geregtigheid en sosio-ekonomiese regte. Die akademiese bestudeer situasies van onreg en nood om voortdurende oorsake en moontlike oplossings te vind (Burton 2018:29). Hierdie ondernemings en optrede sluit Afrikaners in wat wil bydra tot 'n meer regverdige en gelyke Suid-Afrikaanse samelewing.

Daar bestaan steeds 'n sterk 'hulle'- en 'ons'-mentaliteit wat tot gewelddadige protesaksies gelei het op Coligny en Senekal. Ondanks die botsings is daar steeds Afrikaners soos vermeld, wat te midde van die konflik, vrede en transformasie probeer bewerkstellig.

Studiegeval een: Coligny

Matlhomola Moshoeu was 'n swart inwoner van die verarmde township, Tlhabologang, op die grens van Coligny. Weens hongersnood het kinders van die township oor plaasheininge gesluip om sonneblomme te steel. Pieter Karsten, 'n boer en sakeman in die dorp, het twee wit werknemers, Pieter Doorewaard en Phillip Schutte, die opdrag gegee om hierdie soort diefstal op sy sonneblomland naby Tlhabologang te voorkom. Kinders wat betrap is in die sommeblomland is agter op 'n bakkie gelaai en polisie toe geneem. Op 20 April 2017 is Moshoeu voorgekeer deur die werkers en op pad na die polisiestasie, het Moshoeu 'n nekbesering opgedoen wat tot sy dood gelei het. Daar is ondersoek of Moshoeu van die bakkie afgesprong het en of hy uitgegooi is (Malan 2017).

Die onsekerheid van die gebeure in die dae na Moshoeu se dood, het 'n ruimte vir alternatiewe weergawes van die voorval gelaat. Die ruimte is grotendeels gevul met stories van rassegeweld as die oorsaak van sy dood. Moshoeu se dood het aanleiding gegee tot protesoptogte wat verwoesting deur die dorp gesaai het – huise en vragmotors is aan die brand gestee en winkels is geplunder en beskadig. Tydens die protesoptredes wat in gewelddadigheid ontaard het, het

die polisie rubberkoeëls en skokgranate afgevuur om die skare uiteen te jaag. Die protesoptogte het in woede begin oor die moord van Moshoeu, maar het tot 'n rasseoorlog tussen swart en wit mense verhewig (Tau 2017).

'n Versoenings-, genesings- en vernuwingsforum is op 10 Mei 2017 op Coligny verkies in 'n poging om vrede en stabiliteit te bewerkstellig na die gewelddadige betogings (Kgosana 2017). Die stigtingsbesluit is gesamentlik geneem deur die polisie, boere, sakeleiers, godsdiensteleiers, gemeenskapsleiers en politieke leiers van die protesgroepe. Die enigste Afrikaanse hoofstroomkerk wat hierby betrokke was, was die NG Kerk (Du Plessis 2019:6:54). Tewie Pieters, 'n NG Kerk predikant op die dorp, was deel van die forum. Verskeie projekte is aangevoer, die gebrek aan water in 'n nabygeleë plakkerskamp is aangepak deur tot 40 000 liter water per dag af te lewer. Hierdie oplossing was net tydelik en daar is planne beraam in samewerking met AgriSA om 'n boorgat te sink. Verder is daar ook 'n mobiele kliniek na die gemeenskap gestuur.

Die gebeure het gelei tot die herontdekking van die kerklike leiers se profetiese en herderlike stemme.

In 2018 is in 14 ander dorpe in die Noordwes-provinsie afsonderlike protesaksies gevoer, maar te midde van die protes en geweld in die provinsie, het Coligny nie een voorval in dié tydgleuf ervaar nie. Die Forum vir Versoening, Genesing en Vernuwings het in 2018 begin om die benadering wat hulle in Coligny gebruik ook na ander dorpe uit te brei. Pieters meen (*News 24* 2019):

Versoening beteken om gapings tussen mense te oorbrug, te verstaan, vir mekaar te sorg, na ander se frustrasies te luister. Almal van ons het 'n ingesteldheid oor wat ander gedoen het. Ons moes dringend saam praat.

Die verkiesing van Bongane Cekiso, die Economic Freedom Fighters (EFF) se verteenwoordigende raadslid in die plaaslike owerheid, het Pieters laat vrees dat die brose vrede op Coligny in gevaar sou wees, weens Cekiso se negatiewe aanvallende uitlatings nadat hy verkies is (Whittles 2018). Cekiso was van mening dat die versoeningpogings net 'n front was. Ondanks die aanloop, het Pieters en Cekiso 'n vriendskap begin bou toe Cekiso vir Pieters genader het met die idee om landbouleiers teenwoordig te hê by 'n vergadering waar die klagtes van plaaswerkers met die provinsiale departement van arbeid bespreek sou word. Pieters het konflik voorspel en het die situasie ontlont deur 'n kommunikasiekanaal oop te maak na Agri-Noordwes as die tussenganger. Dit was net die wegspringblokke van 'n invloedryke vriendskap wat transformerende vrugte dra.

In teenstelling met die transformasie van Coligny, erken Pieters aan *Rapport* (Eybers 2020) dat die grootste teenstanders uit sy 'eie geleedere' gekom het. Al is daar artikels en verhale geskryf en studies gedoen oor die rol van dié dominee van die NG Kerk in die gemeenskap se transformasie, is daar weinig te vind oor die res van die Afrikanergemeenskap se

betrokkenheid. Alhoewel die daade van individuele Afrikaners nie ongesiens verbygaan nie, kan die afleiding gemaak word dat die transformasie van die Afrikanergemeenskap en hul transformerende bydrae tot die dorp nie veel verder as Pieters streek nie.

Studiegeval twee: Senekal

In Oktober 2018 het landelike veiligheid van plaaswerkers en boere in die omgewing van Senekal in die kollig gekom toe Mandeni Johannes Moloi op sy plaas vermoor is (Kleynhans 2018). Presies twee jaar later, in Oktober 2020 is Brendin Horner, 'n plaasbestuurder, vermoor op 'n plaas buite Paul Roux in die Vrystaat. Twee swart mans, Sekwetje Mahlamba en Sekola Matlaletsa, is met Horner se moord verbind. Landboueiers en gemeenskapslede het buite Senekal se landdroshof betoog, terwyl die verhoor van die beskuldigdes op 06 Oktober 2020 begin het. Woedende boere het hofeiendom beskadig toe hulle met geweld by die polisie probeer kom het waar die twee verdagtes aangehou is (Bhengu 2020). Gedurende die protes is skote afgevuur en 'n polisievoertuig omgegooi en aan die brand gesteek.

Die boere se woede was ook teenoor die regering wat, volgens die boeregemeenskap, nie genoeg doen om hulle te beskerm nie, en die moorde en aanvalle nié as volksmoord beskou nie (IOL News 2020). Ramaphosa (2020a) het in 'n presidensiële nuusbrieff in Oktober 2020 geskryf dat Horner se moord 'n gruwelike, wrede daad is en dat sy moord almal moet ontstel. Verder het hy geskryf dat ongeag in watter gemeenskap ons leef, ongeag ons ras, geloof of taal, die land net so diep geraak moet word deur die vele ander Suid-Afrikaners wat jaarliks gewelddadig sterf; dat Suid-Afrikaners moet saamwerk om misdaad uit die weg te ruim. Ramaphosa het ook verwys na die moord op Mogamat Cloete, Tawqeer Essop en André Bennett – drie mense wat in dieselfde week in Delft in die Wes-Kaap in 'n motor doodgeskiet is. Hy het die insluiting gebruik om bewerings deur drukgroepe te weerlê, naamlik dat plaasaanvalle en -moorde deel van 'n veldtog van etniese suiwering of volksmoord is. Dit sou naïef wees om aan te neem dat rasseverhoudinge in boeregemeenskappe vreedsaam is sedert die aanvang van demokrasie. Tensy dit op 'n oop en eerlike manier deur middel van dialoog benader word, sal dit 'n verlamme wond bly wat sosiale samehorigheid bedreig. Ramaphosa (2020a) sê dat dit wat in Senekal gebeur het, wys hoe maklik rassehaat weer kan vlamvat en dat Suid-Afrikaners as 'n nasie alle pogings moet weerstaan om misdaad op plase te gebruik as vonk vir 'n verwoestende vuur wat nasiebou aftakel.

In reaksie op die geweld en protes op Senekal, het die NG Kerk die Vrystaatse gemeentes opgeroep 'tot 'n week van verootmoediging en gebed waarin voorbidding gedoen word vir die hele situasie rakende plaasmoorde en korrupsie in ons land' (NG Kerk Vrystaat 2020). Daar is versoek dat gemeentes tydens die middaguur tot stilstand sal kom en bid vir plaasgemeenskappe, vrede, geregtigheid en die einde van korrupsie in SA. Van der Merwe (2020) vra: 'Hoekom net die

Vrystaat? Waar was die res van die NG Kerk?' In die kommentaar op die versoekberig in die *Kerkbode*, word Van der Merwe se sentiment gedeel en gesê dat daar sterker reaksie van die kerk verwag is: 'Die bietjie wat gevra word, is te min'. Hierdie aanhaling wys dat daar 'n begeerte is vanuit die Afrikanergemeenskap om tot aksie oor te gaan, maar dat die kerk tekortskiet.

Studiegeval drie: COVID-19 pandemie

Damian Barr het 'n gedig geskryf wat 'n kragtige opsomming is van die gesamentlike ervaring en bewussyn wat die koronaviruspandemie meegebring het regoor die wêreld (Barr 2020):

[E]k het gehoor dat ons in dieselfde bootjie is. Maar dit is nie waar nie. Ons is nie almal in dieselfde bootjie nie. Ons is in dieselfde storm. Sommige van ons is op superjagte. Sommige van ons het net een roeispaan. Jou boot kan skipbreuk ly en myne neem geen water op nie (Vertaal deur skrywer AvR vanaf Facebook).

Hy is reg. Sommige sou onvermoed kon vaar, gesondheid en beroep onaangeraak, en ander sal een of albei verloor. Party mense sal beleef dat hulle deel uitmaak van 'n aansienlike skeepsbemanning. Ander sal beleef dat hul alleen roei. SA word deurgaans beskou as een van die mees ongelyke lande ter wêreld: 'n empiriese feit wat wortels in die geskiedenis van kolonisasie en apartheid het (Statistics South Africa 2020). In die lig van dié bewering, kan daar gevra word of die gemiddelde Afrikaners se bootjie wel verskil van dié van die res van die landsburgers, danksy hulle bevoordeling vantevore. Die deurdringendheid van Afrikanergemeenskappe se transformasie en hul transformerende impak, oftewel samelewingsverandering in die land, kan tot 'n mate waargeneem word wanneer daar na die groter prentjie van SA in die pandemie gekyk word.

SA het op 27 Maart 2020 'n streng grendeltyd binnegegaan. Die Suid-Afrikaanse regering het wêreldwyd erkenning gekry vir die streng stappe wat geneem is om die COVID-19-infeksiesyfers en die verspreiding daarvan beperk te hou. Maande later het data uit 'n meer omvattende nasionale opname getoon dat groot groepe huishoudings geweldig swaarkry weens die inperkings (Statistics South Africa 2020).

Barr se metafoer van die pandemie as 'n storm waarin almal vasgevang is, terwyl elkeen se vaartuig en die duursaamheid daarvan verskil, kan gestaaf word deur die swaarkry wat beleef is in verskeie buurte. In 2016 het tot 5.4 miljoen mense in SA in plakkershutte gewoon (Spaull et al. 2021:10). Gegewe die gebrek aan toegang tot basiese geriewe soos binnehuise lopende water en sanitasie, vind inwoners van plakkerskampe dit ook aansienlik moeiliker om te voldoen aan voorkomende gesondheidsmaatreëls soos hande was. Onder diegene in stedelike gebiede, het inwoners van plakkershutte en diegene in buitestedelike gebiede die grootste hongersnood beleef. In 'n studie van die impak van die koronavirus, is gevra of iemand in hul huishouding die afgelope sewe dae hongerte

beleef het weens 'n tekort aan geld. Byna een uit elke vier inwoners van plakkershutte het gesê dat dit die geval was in hul huishoudings. Die getalle was effens laer vir inwoners in stedelike gebiede en townships, en aansienlik laer vir voorstedelike inwoners (Spaull et al. 2021:10).

Die Nasionale Solidariteitfonds is op 23 Maart 2020 gestig deur die regering in reaksie op die COVID-19-krisis in SA. Die fonds se eerste humanitêre uitbetaling is op 18 April 2020 aangekondig – befondsing van R120 miljoen tot voedselverligting wat aan meer as 250 000 van die kwesbaarste gesinne noodverligting sou gee. Terwyl Suid-Afrikaners probeer het om hongersnood te hanteer in afwagting op die voedselverligting wat die regering belowe het, was die pogings van die regering om verligting te bied, besmeer met wydverspreide bewerings van bedrog en wanbestuur (Chutel 2020). Dit het grootliks bygedra tot die woede en geweld van die onluste in 2021.

Burgerlike onrus het uitbreek in KwaZulu-Natal en Gauteng in Julie 2021. Dit het begin weens die inhegtenisneming van oud-president Jacob Zuma. Die optogte is lateraan angevuur deur magtelose woede oor die tekort aan werksgeleenthede en ekonomiese ongelykheid wat deur die pandemie vererger is. Massabetogers het winkelsentrums geplunder en aan die brand gestee en is deur die polisie in wedersydse geweld begroet. Betogers het uit die chaos, wat versprei het vanaf Zuma se tuisprovinsie, KwaZulu-Natal, tot by Johannesburg in Gauteng, begin plunder en verwoes, eerder vir eie gewin as net uit protes. Mense is gedood in die stormloop tydens die plundering in winkelsentrums en toe opruimingaksies begin het, is meer en meer lyke gevind. Die dodetal het gestyg tot 337 in Gauteng en KwaZulu-Natal (BBC News 2021). Ramaphosa het genoem dat dit die ergste geweld is wat in SA gesien is sedert die einde van apartheid. Die brande, snelweë wat versper is en ondernemings en pakhuse in groot stede en op kleiner dorpe in beide provinsies wat geplunder is, is reeds verwoestend, maar die verlies aan lewens is hartverskeurend.

Die COVID-19-pandemie het armoede, werkloosheid en ongelykhede in die Suid-Afrikaanse konteks uitgelig en vererger. Dit is egter nie die enigste sosiale kwessies wat vererger het nie. Weens die grendeltyd is baie vroue in hul huis vasgevang, saam met hul mishandelaars, wat gesinsgeweld en geslaggebaseerde geweld (GGG) skerp laat toeneem het (Minisini 2021).

Sedert 2000 is meer as 2700 vroue in SA vermoor weens GGG. Alhoewel verskeie organisasies voortdurend veldtogte onderneem om GGG te beëindig, word baie vroue in Suid-Afrika steeds mishandel (Minisini 2021). SA het die vierde hoogste vrouemoordkoers in die wêreld. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) beraam dat 12.1 uit elke 100 000 vroue elke jaar slagoffers van vrouemoord is in SA – vyf keer meer as die globale gemiddeld van 2.6 uit 100 000 vroue. Die werklike moordsyfer van vroue is egter nog hoër, omdat nie elke geval gedefinieer kan word onder die algemene term

'vrouemoord' nie. As ander faktore (deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens verskaf) ingesluit word, kan dit tot 15.2 uit elke 100 000 wees. Volgens dié berekening word 'n vrou elke drie uur in SA vermoor.

Die GGG-probleem van SA het drasties vererger sedert die begin van grendeltyd. Vir die eerste keer sedert Maart 2020, toe die Suid-Afrikaanse regering van die langste en strengste grendelmaatreëls ter wêreld ingestel het, is die verwoestende impak van GGG ontbloot. Die inbelsentrum vir GGG en Vrouemoord van die regering, vir die ondersteuning van slagoffers van GGG, het in die eerste drie weke van die grendeltyd meer as 120 000 slagoffers aangeteken. Net 'n paar weke later het 'n soortgelyke inbelsentrum in Pretoria tot 1000 oproepe per dag ontvang van vroue en kinders wat in huise vasgekeer is en dringende hulp benodig (Minisini 2021). Boonop het die inperking toegang tot diensgroepe verhinder – diensgroepe wat aan die ondersteuning van slagoffers van GGG toegewy is; dit was reeds voor die pandemie 'n probleem vir slagoffers wat steun en geregtigheid benodig. In SA word berigte oor GGG dikwels afgemaak deur die polisie as 'n privaat aangeleentheid wat in gesinsverband gehanteer moet word, eerder as 'n kriminele aangeleentheid vir aandag van die regsisteem (Minisini 2021). Daar is ook 'n stigma aan seksuele geweld, wat daartoe bydra dat GGG-gevalle ongerapporteer bly.

Alhoewel GGG in Suid-Afrika nie uniek is nie, is die omvang en gereeldheid van die kwessie vererger deur die impak van die COVID-19-pandemie. Die stygende syfers van vrouemoord en GGG lei tot president Ramaphosa (2020b) se benaming daarvan as die tweede pandemie in die land. Anders as COVID-19, word GGG egter versprei deur sosiale en politieke omstandighede, wat die vermoë van vroue en meisies demp om van die mishandeling te ontsnap.

Kraak en Simpson (1998) het die Afrikanergemeenskap reeds in 1998 ten opsigte van GGG geanaliseer en ontleed. Hulle het bevind dat die verlies aan mag van blanke mans in Suid-Afrika in die postapartheidera verband hou met die toenemende geweld teen vroue in Suid-Afrika. Gegewe die standhoudende tradisie en geskiedenis van die patriargale samelewing, het blanke mans se verlies aan mag na die politieke en sosiale verandering in 1994 in aggressiwiteit ontaard, 'n manier om hul manlike identiteit en invloed te bevestig (Van Wyk 2020:97). Die veranderinge in die nuwe era ondermyn die identiteit wat die patriargie in Afrikanermans gekweek het om fundamenteel die broodwinners, gesinsvoogde en beskermers te wees; dit lei tot GGG as alternatiewe middel en aksie om 'n gevoel van self en identiteit te handhaaf (Van Wyk 2020:97).

Die NG Kerk het te midde van die 'tweede pandemie' 'n persverklaring uitgereik met die opskrif: 'NG kerk spreek haar uit teen geweld en die miskennings van mense se menswaardigheid' (Claassen 2020). In die verklaring word daar slegs een keer verwys na GGG: 'die misbruik van vroue en kinders'. Dit is skokkend weens die verrekendheid van

vrouemoord. In 2019 het 'n aantal vroueteoloë en -predikante van verskeie denominasies 'n verklaring onderteken, wat 'n sterk uitspraak en protes teen GGG maak (Dreyer et al. 2019 n.p.). Die verklaring doen 'n beroep op ...

[G]eloofsgemeenskappe ... om nie langer stil te bly oor geweld teen vroue en kinders nie en om op te hou om die stemme wat wel daarvoor praat, stil te maak.

Die verklaring trek die verband tussen 'n patriargaal georiënteerde teologie en die geweld teen vroue uit.

Die globale Thursdays in Black-veldtog is sinergisties met die sielverklaring (2018) 'Patriargie is die siekte van die siel' (Kerkbode 24 September 2019), 'n veldtog van solidariteit en voorspraak teen alle vorme van seksuele geweld en GGG. Daar is enkele NG Kerk-gemeentes wat hul ondersteuning aan die veldtog op sosiale media en webwerwe plaas en hul gemeenskappe gevra het om deel te neem. Dieselfde kan nie gesê word van die NG Kerk in die geheel nie.

Studiegeval vier: Betereinders

Afrikaners moet besin oor hoe hulle van plan is om 'n land op te bou waarin hul kinders welkom sal wees. Hoe bou 'n mens 'n pragtige en goeie land op waarin alle burgers die kans het om gelukkig te wees? Dit is die vrae wat die Betereinders vra. Hierdie beweging se leuse is: '#n Betereinder kla nie, doen goed en werk saam almal!' (Dreyer 2021). Die beweging is onbeskaamd Afrikaans en nooi Afrikaners uit om deel te wees van die hedendaagse Suid-Afrika. Hulle pak projekte aan met die doel om armoede te beveg, maar versoening is vir hulle ook 'n prioriteit en die beweging probeer dit bewerkstellig deur verhoudings te bou. Hulle glo dat selfverbetering nie in gemaklike gesprekke en werksinkels gebeur nie, hoewel hulle dit óók doen, maar eerder dat jy 'jou hande vuil' moet kry. Talle Afrikaners bly slegs 'n paar kilometers van 'n township, maar was nog nooit in 'n township nie. Al het die Betereinders amptelike projekte, reël hulle ook informele kuiers in townships waar hulle reeds verhoudings gebou het. Hulle nooi hul Afrikaanse vriende om saam te gaan kuier, sokker te speel en te braai.

Die naam Betereinders is 'n woordspeling op die Bittereinders van die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog. Dit verwys na die Boere se toewyding om tot die einde te baklei, soos die Bittereinders, maar hulle baklei vir 'n beter einde sonder 'bitter'-heid. Die Betereinders meen dat daar vandag twee kante is waarnatoe jy as Afrikaner kan neig. Die Bittereinders verwys na die een kant as die 'windgat'-Afrikaner. Hulle wat weet wat is fout met die land en dat dit reggemaak moet word: die 'boer-maak-'n-plan'-houding, die probleem lê dus ekstern. Die ander kant waarna die Betereinders verwys, is dié van die 'patetiese' Afrikaner wat glo dat hulle maar net moet kreppeer, dat daar geen plek vir Afrikaners in SA is nie. Dié kant glo dat immigrasie die enigste uitweg is; die probleem lê dus binne-in jou (Betereinders 2020b).

Die Betereinders sê dat daar 'n middeleg tussen die twee kante kan wees – die probleem is binne-in jou, asook buite jou. Hulle benadering is gebaseer op 'werk saam' (restitusie) en 'staan saam' (versoening). Dit beteken vir hulle dat aksies en bydraes tot die samelewing moet lei tot gesonde veelrassige verhoudings en om tyd en hulpbronne te deel. Van Heerden (2020) verklaar:

[I]n Suid Afrika moet ons weer bou aan 'n middelgrond, gematigde goeie mense wat inklusief saam werk tot almal se voordeel. Betereinders sê dat elke persoon trots deel is van Suid Afrika, al moet ons nog leer en groei en regmaak. (bl. 1–2)

Om versoening en restitusie te bewerkstellig het hulle vyf fokuspeunte vir elke tema en verskeie projekte vir elke fokuspeunt. Restitusie: Armoede, weerloosheid, werkloosheid, bemagtiging, grondhervorming en voedselveiligheid. Versoening: Wit werk (wit-tot-wit-gesprekke), swart-tot-wit-gesprekke, veelrassige persoonlike verhoudings, intensioneel saameet en -kuier, veelrassige groepe wat gereeld vergader om gemeenskaplike aktiwiteite saam te beoefen.

Die COVID-19-pandemie het die Betereinders se beheerraad 'n vlugtige konsensus laat bereik, omdat die pandemie en die daaropvolgende grendeltyd ernstige gevolge sou hê vir die kwesbaarste individue in die samelewing. Teen 25 Maart het die raad 'n aksieplan goedgekeur ('Betereinder terugvoer ...' 2020a). Een van die beginsels van die Betereinders is om 'nie te praat nie, maar om te doen', en om dié rede het hulle aksieplan reeds in Maart begin, ondanks die finansiële struikelblok.

Een van die projekte was 'Tyd DATA ons iets doen'. Ongeveer 50 000 jongmense is gehelp met een gig data om hulle in die grendeltyd deur tegnologie in kontak te hou met onderrigstrukture. Hierdie projek het gelei tot die organiese groei van ander projekte, aksies met impak wat deur die Betereinders gekoördineer is. Mense het byvoorbeeld gevra of hulle met kos kan help, en so is die voedselverligtingprojek begin.

As beweging is die Betereinders nie 'n liefdadigheidsorganisasie nie; dis 'n beweging waardeur mense wat voorheen bevoordeel was, kan groei en leer om met integriteit te leef. Daarom is hul werk gebou op 'werk saam – staan saam' (restitusie en versoening). Die benadering het vrugte gedra tydens grendeltyd. Wedersydse verhoudings tussen gemeenskappe en individue het noodverligtingaksies vinnig laat geskied. Hulle kies om nie net hul hande vuil te kry nie, maar om kniediep in die moeilike situasies te wees; nie omdat hulle 'white saviours'³ is nie, maar omdat hulle glo dat selfverbetering kritiek noodsaaklik is (Betereinder terugvoer: 2020a). In 'n krisis is welwillendheid en momentum die sleutel. Hierdie beweging streef daarna om 'n bydrae te lewer deur verhoudings te kweek in die konteks van die krisis, sodoende word sosiale geregtigheid bewerkstellig.

3. Die term 'white saviour' verwys na 'n blanke persoon wat op 'n selfsugtige manier hulp aan ander rasse bied.

Slot

Alhoewel Afrikaners as 'n breëspektrumgroep bestudeer kan word, is hulle (hoofsaaklik) steeds deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Beduidende terugslae is al deur Suid-Afrikaners ervaar: die bedreiging van hongersnood voor, tydens en na die pandemie, is 'n wesenlike bron van kommer rakend gesondheid, politieke en sosiale stabiliteit (cf. ed. Govender et al. 2021). Die land kan nie ekonomies herbou en herstel word solank groot groepe mense honger ly nie. Die vier gevallestudies is nie die gevolg van nuwe sosiale probleme nie, elk het net 'n skoon vergrootglas oor 'n bestaande kwessie geplaas. Rassespanning broei lankal agter geslote deure en om braaivure.

Die nood en honger wat die COVID-19-pandemie meegebring het, eggo die lyding tydens die era van die vraagstuk van blanke armoede,⁴ asook ongelykheid in die samelewing. Afrikaners het apartheid onder meer gebruik om uit die armoede op te staan. SA moet leer uit die ewels van die verlede om die armoedekwessie in die postpandemiese era op 'n meer humanitêre manier aan die orde te stel. Die Afrikanergemeenskap moet gereed wees om 'n agent van transformasie te wees, maar die moontlikheid is daar dat hulle bewustelik of onbewustelik sal neig om soos die Britte betreffende die destydse vraagstuk van blanke armoede, hul hande in onskuld te was.⁵ Die NG Kerk sal 'n aktiewe rol moet speel om Afrikaners te ondersteun om agente van transformasie te word.

Bartlett (2020) skryf in 'n opiniesstuk 'Liefde in die tyd van Corona':

[a] hierdie dinge mag nie by ons as kerkmense verbygaan nie, al laat dit ons soms voel asof ons daardeur verswelg gaan word. Juis dit is die werkerterrein waar ons as Christene saam met mekaar en saam met ander 'n verskil moet maak. (n.p.)

Hierdie woorde sal die kerk dalk net kan lei om 'n agent van transformasie te wees vir Afrikaners, nie net tydens die COVID-19-pandemie nie, maar ook in SA in die postpandemiese era.

Erkennings

Mededingende belange

Die outeurs verklaar dat hulle geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hulle nadelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

Outeursbydrae

Die artikel is 'n uittreksel uit Almie van Rooyen se Meesters proefskrif, onder die toesig van Johan van der Merwe en Tanya van Wyk aan die Universiteit van Pretoria.

4. In die nasleep van die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog het 'n lae sosiokulturele groep Afrikaners gegroei, nl. die armlankes, onder meer weens die verskroeiende-aardebeleid van die Britse weermag, en die Groot Depressie van 1929–1933 (cf. Giliomee 2002:610).

5. Geen amptelike besluit is oor die probleem deur die Britse oorwinnaars geneem nie, en baie in hierdie groep het die beskouing gehad dat armes verantwoordelik was vir hul eie ellendige toestand en wou hê dat die Kerk die probleem as deel van hul pastorale verpligtinge moet hanteer (Giliomee 2002:601–602).

Befondsing

Die werk is finansiële ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Akademie van Wetenskap en Kuns.

Data beskikbaarheidsverklaring

Datadeling is nie van toepassing op die artikel nie, aangesien geen nuwe data in hierdie studie geskep of ontleed is nie.

Vrywaring

Die sienings en menings wat in die artikel uitgedruk word, is dié van die outeurs en weerspieël nie noodwendig die amptelike beleid of posisie van enige geaffilieerde agentskap van die outeurs nie.

Etiese oorewegings

Hierdie artikel volg alle etiese standaarde vir navorsing sonder direkte kontak met mens of dier.

Verwysings

- Barr, D., 2020, 'We are not all in the same boat', viewed 20 September 2021, from <https://www.facebook.com/DamianBarrLiterarySalon/posts/we-are-not-all-in-the-same-boat-we-are-in-the-same-storm-some-of-us-are-on-super/1436492643227064/>.
- Bartlett, A., 2020, 'Liefde in die tyd van Corona', *Kerkbode*, 17 November 2020, besigtig op 27 September 2021, vanaf <https://kerkbode.christians.co.za/2020/11/17/liefde-in-die-tyd-van-korona/>.
- Basson, A., 2014, 'Is ons geheue dan so kort?', *Beeld*, 08 Julie 2014, p. 8.
- BBC News, 2021, 'South Africa Zuma riots: Looting and unrest leaves 72 dead', *BBC News*, viewed 26 September 2021, from <https://www.bbc.com/news/world-africa-57818215>.
- Betereinders, 2020a, *Betereinders introduction* [motion picture], viewed 27 September 2021, from https://youtu.be/A7_DLqU2gg.
- Betereinders, 2020b, 'Betereinder terugvoer: Locked down, then what?', *Fontainebleau Gemeenskapswerk*, besigtig op 27 September 2021, vanaf <https://fgk.co.za/betereinder-terugvoer/>.
- Bhengu, C., 2020, 'Senekal bail bid: 5 things you need to know about the Brendin Horner murder case so far', *Times Live*, viewed 15 September 2021, from <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2020-10-21-senekal-bail-bid-5-things-you-need-to-know-about-the-brendin-horner-murder-case-so-far/>.
- Burton, M., 2018, 'The "white man's burden": Fifteen years after the TRC', in MISTRA (ed.), *Whiteness Afrikaans Afrikaners: Addressing post-apartheid legacies, privileges and burdens*, pp. 25–34, The Mapungubwe Institute for Strategic Reflection, Project MUSE, Johannesburg.
- Chutel, L., 2020, 'South Africa's big coronavirus aid effort tainted by corruption', *The New York Times*, viewed 24 September 2021, from <https://www.nytimes.com/2020/08/19/world/africa/coronavirus-south-africa-aid-corruption.html>.
- Claassen, G., 2020, 'NG kerk spreek haarself uit teen geweld en die miskenning van mense se menswaardigheid', *Kerkbode*, besigtig op 23 September 2021, vanaf <https://kerkbode.christians.co.za/2020/06/05/ng-kerk-spreek-haar-uit-teen-geweld-en-die-miskening-van-mense-se-menswaardigheid/>.
- Dreyer, T., 2021, *My Betereinder opleidingdag!*, besigtig op 27 September 2021, vanaf <https://www.betereinders.co.za/blog/my-betereinder-opleidingsdag/>.
- Du Plessis, P., 2019, *A chronicle in Coligny: Trailer* [Motion Picture], viewed on 10 September 2021, from <https://youtu.be/A93vRCMPCT4>.
- Du Preez, M., 2014, *Max du Preez se Facebook-bladplasing op 08 Junie 2014*, besigtig op 19 Januarie 2021, vanaf <https://www.facebook.com/max.dupreez.3/posts/727497893980196>.
- Du Toit, F., Hofmeyr, H., Strauss, P. & Van der Merwe, J.M., 2002, *Moeisame pad na vernuwung: Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevantie 1974–2002*, CLF-Drukkers, Bloemfontein.
- Eybers, J., 2020, 'Dominee "beskerm" sy vloekende vriendin', *Rapport*, 04 Oktober 2020, p. 10.
- Giliomee, H., 2002, "'Wretched folk, ready for any mischief": The South African state's battle to incorporate poor whites and militant workers, 1890–1939', *Historia* 47(2), 601–653. <https://doi.org/10.10520/EJC38078>
- Govender, K., George, G., Padarath, A. & Moeti, T. (ed.), 2021, *South African Health Review 2021*, Health Systems Trust, Durban, viewed 30 April 2022, from <https://www.hst.org.za/publications/Pages/South-African-Health-Review-2021.aspx>.

- IOL News, 2020, 'Shots fired, police vehicle torched as farmers protest murder of Brendin Horner', viewed on 15 September 2021, from <https://www.iol.co.za/news/south-africa/free-state/shots-fired-police-vehicle-torched-as-farmers-protest-murder-of-brendin-horner-8fb81162-9aa2-4415-b617-859f3505e76c>.
- Kgosana, R., 2017, 'Reconciliation forum elected to heal cracked race relations in Coligny', *The Citizen*, viewed 09 September 2021, from <https://www.algoafm.co.za/domestic/reconciliation-forum-elected-to-heal-cracked-race-relations-in-coligny>.
- Kleynhans, L., 2018, 'Mandeni Johannes Moloi murdered in farm attack', *Politics Web*, viewed on September 15, 2021, from <https://www.politicsweb.co.za/politics/mandeni-johannes-moloi-murdered-in-farm-attack-da>.
- Kraak, G. & Simpson, G., 1998, 'The illusions of sanctuary and the weight of the past, notes on violence and gender in South Africa', *Development Update*, vol. 2, no. 2, 1–10.
- Malan, R., 2017, 'Coligny: The shape of things to come?', *News24*, viewed 09 September 2021, from <https://www.news24.com/news24/columnists/guestcolumn/the-shape-of-things-to-come-20170509>.
- Matthews, S., 2010, 'Differing interpretations of reconciliation in South Africa: A discussion of the home for all campaign', *Transformation: Critical Perspectives on Southern Africa* 74(1), 1–22. <https://doi.org/10.1353/trn.2010.0000>
- Meiring, P., 2017, 'Bonhoeffer and costly reconciliation in South Africa – Through the lens of the South African Truth and Reconciliation Commission', *Verbum et Ecclesia* 38(3), 18–34. <https://doi.org/10.4102/ve.v38i3.1559>
- Minisini, V., 2021, 'South Africa's secondary pandemic: A crisis of gender based violence', *Global Risk Insights*, viewed 23 September 2021, from <https://globalriskinsights.com/2021/03/south-africas-secondary-pandemic-a-crisis-of-gender-based-violence/>.
- News 24, 2019, 'How the murder of a teen revived the demons of racism and inequality in SA', viewed 07 September 2021, from <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/watch-how-the-murder-of-a-teen-revived-the-demons-of-racism-and-inequality-in-sa-20190422>.
- Norval, A., 2003, 'Decolonization, demonization and difference: The difficult constitution of a nation', in J. Le Sueur (ed.), *The decolonization reader*, pp. 256–268, Routledge, New York, NY.
- Dreyer, Y. et al., 2019, 'Patriargie is siekte van die siel', *Kerkbode*, besigtig 24 September 2021, vanaf <https://kerkbode.christians.co.za/2019/09/08/patriargie-is-siekte-van-die-siel-teoloe-pak-oorsake-van-geweld-teen-vroue/>.
- Pillay, J., 2017, 'Racism and xenophobia: The role of the Church in South Africa', *Verbum et Ecclesia* 38(3), 3–17. <https://doi.org/10.4102/ve.v38i3.1655>
- Ramaphosa, C., 2020a, *The desk of the president*, Monday, 12 October 2020, viewed 15 September 2021, from <https://www.thepresidency.gov.za/from-the-desk-of-the-president/desk-president%2C-monday%2C-12-october-2020>.
- Ramaphosa, C., 2020b, *President Cyril Ramaphosa: South Africa's response to the COVID-19 coronavirus pandemic*, viewed 23 September 2021, from <https://www.gov.za/speeches/president-cyril-ramaphosa-south-africa%E2%80%99s-response-covid-19-coronavirus-pandemic-17-jun-2020>.
- Schuhmann, A. & Lopez, A., 2019, 'Building a future on toxic legacies? Whiteness and violent iconographies', *Transformation: Critical Perspectives on Southern Africa* 100, 103–127. <https://doi.org/10.1353/trn.2019.0024>
- Sooka, Y. (ed.), 2003, *The TRC report*, viewed 03 February 2021, from <https://www.justice.gov.za/trc/report/>.
- Spaull, N., Daniels, R.C., Ardington, C., Branson, N., Breet, E., Bridgman, G. et al., 2021, *NIDS-CRAM wave 5 synthesis report*, viewed on 21 September 2021, from <https://cramsury.org/wp-content/uploads/2021/07/1.-Spaull-N.-Daniels-R.-C-et-al.-2021-NIDS-CRAM-Wave-5-Synthesis-Report.pdf>.
- Statistics South Africa, 2020, *How unequal is South Africa?*, viewed 20 September 2021, from <http://www.statssa.gov.za/?p=12930>.
- Tau, S., 2017, 'Protest anarchy breaks out in Gauteng, North-West', *The Citizen*, viewed 09 September 2021, from <https://www.citizen.co.za/news/south-africa/protest-anarchy-breaks-out-in-gauteng-north-west/>.
- Van der Merwe, J., 2020, 'Brendin Horner: Dit moes nooit gebeur het nie', *Kerkbode*, besigtig op 20 September 2021, vanaf <https://kerkbode.christians.co.za/2020/10/12/brendin-horner-dit-moes-nooit-gebeur-het-nie/>.
- Van der Westhuizen, C., 2018, *Sitting pretty: White Afrikaans women in postapartheid South Africa*, University of KwaZulu-Natal Press, Pietermaritzburg.
- Van Heerden, S., 2020, *BE Overview*, viewed 27 September 2021, from <https://www.dropbox.com/s/iuatkc2eu1b8wwr/BE%20Overview.pptx?dl=0#>.
- Van Rooyen, A., 2016, 'Nelson Mandela's challenge to the Dutch Reformed Church: If public theology is rooted deeply within the DRC, the Church must find her voice. Can having a second look at Mandela's 1994 speech help the DRC get her voice back?', BA Honours thesis, in Church History, University of Pretoria.
- Van Rooyen, A., 2021, 'Transformasie' in die Afrikanergemeenskap 25 jaar postapartheid: 'n Kerkhistoriese perspektief', MTh-verhandeling in Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.
- Van Wyk, T., 2020, 'Protesting patriarchal power: The task of political theology in creating solidarity and sustaining activism', in M.B.C. Becka (ed.), *Concilium: International Journal for Theology*, pp. 94–104, London.
- Webster, D., 2019, '"An indictment of South Africa": Whites-only town Orania is booming', *The Guardian*, viewed 03 February 2021, from <https://www.theguardian.com/cities/2019/oct/24/an-indictment-of-south-africa-whites-only-town-orania-is-booming>.
- Whittles, G., 2018, 'Coligny stumbles in its shaky steps towards reconciliation', *Mail & Guardian*, viewed 14 September 2021, from <https://mg.co.za/article/2018-05-04-00-coligny-stumbles-in-its-shaky-steps-towards-reconciliation/>.
- World Bank, 2018, 'Overcoming poverty and inequality in South Africa: An assessment if drivers, constraints and opportunities', viewed 01 May 2020, from <http://documents.worldbank.org/curated/en/530481521735906534/pdf/124521-REV-OUO-South-Africa-Poverty-and-Inequality-Assessment-Report-2018-FINAL-WEB.pdf>.